Ons Nuus

1 September 2020

NG Gemeente Wonderpark

Beste Lidmaat

Ons het nou die geleentheid om die kerkgebou binne voorwaardes oop te maak. Ons kerk-wees het in Coronatyd nooit toegemaak nie. Inteendeel ons gemeente het gegroei na groepies in die Kaap, Hong Kong, New Zeeland en vele ander plekke. Gemeentelede getuig van hoe hulle die kerk was in hierdie moeilike maande in hulle straat en omgewing. Van ons gemeentelede het ons boodskappe in Engels vertaal en met hulle bure gedeel en gesels oor Jesus. Baie dankie gemeente dat julle aangehou het om kerk te wees. Iemand vertel ons dat sy voor Corona elke Sondag kerk toe gekom het maar haar man het geweier en wou nooit kom nie. In hierdie tyd, vertel sy, het hy elke Sondagoggend 09h00 voor die televisieskerm gesit om na ons dienste te luister. Baie dankie dat julle, alhoewel julle swaargekry het, ons gemeente ook finansieel bygestaan het en ons ook in staat gestel het om benewens die dag tot dag uitgawes ruim vir gemeentelede te kon voorsien met kos en klere. Ons is opgewonde oor die toekoms en die gesig van die kerk in die tye wat kom! Gesels saam met ons oor kerk-wees op ons facebookblad.

Die Erediens en Jeugkommissie het verlede week bymekaar gekom om te gesels oor ons gemeente se bedieninge vir die res van die jaar. Die Jeugkommissie sal vir die Jeug en ouers die nodige inligting stuur rakende die belydenisaflegging, kinderkerk ens.

Hierdie week het die Dagbestuur bymekaar gekom en eenparig gevoel dat ons baie graag die kerkgebou wil open. Ons verlang na almal en wil julle graag sien. Ons eerste erediens sal 11 Oktober om 09h00 wees.

NG Gemeente Wonderpark

Op die oomblik sal ons aanhou om Woensdae eredienste op te neem en dit uit te saai soos ons die afgelope maande gedoen het. Baie groepe en gesinne voel dat hulle vir eers op daardie manier wil voortgaan. Dankie Thys, Susan, Frikkie, Jaco, Nesta, Renée, Carina, Annemarie en die musiekspan vir julle hulp hiermee en vir julle toewyding om 'n kwaliteit produk voor te berei. Soveel gesinne en groepe getuig dat die digitale boodskappe hulle bemoedig het. Hulle het ook 'n digitale verbintenis met ons ander gevoel. Dit is vir hulle lekker om die boodskappe te luister op hulle eie tye en plekke. Ek wil graag vir julle uitnooi en veral vir ons "nuwe gemeentelede"wat te ver is om in ons gebou te vergader om vir my te epos by aendres@intekom.co.za en julle behoeftes te deel. Hoe kan ons julle elektronies bemagtig en verder toerus om kerk in julle omgewings en gesinne te bly?

Daar is egter lidmate wat 'n sterk behoefte het om weer fisies in die kerkgebou saam met ander te wees. Die reëls vir die gesamentlike samekoms is dat ons die stoele 1.5 meter uitmekaar sit en dat almal heeltyd maskers aanhou. (Die goeie nuus is ons mag sing met die maskers aan). Gesinne mag hulle stoele teenmekaar sit. Daar rus egter 'n groot verantwoordelikheid op elkeen van ons se skouers dat ons by die reëls moet hou sodat ons nie mekaar se gesondheid in gevaar te stel nie. Wees asseblief eerlik oor julle gesondheid en ter beskerming van ander lidmate moet asseblief nie die erediens in die kerkgebou bywoon as julle einge van die volgende tekens en/of simptome het nie: *kouekoors, hoes, seer keel, kortasem, lyfseer, diaree.* Kom asseblief ook ten minste 30-40 minute voor aanvang van die erediens sodat ons die siftings prosedure kan doen. Ontsmet asseblief julle hande by die ingang. Behou ten alle tye die sosiale afstand van 1.5 meter met ander en gaan sit dadelik op die stoele sonder om rond te staan en te kuier. U word versoek om die kerkgebou dadelik te verlaat na afloop van die erediens. Julle maskers moet ten alle tye op wees, al is jy nie bang vir die virus nie – dit is om die ander om jou te beskerm.

NG Gemeente Wonderpark

Vooraf bespreking vir erediensbywoning is 'n vereiste – agv COVID getal en sosiale afstand -beperking.

a. Opsie 1 – PERSONE met toegang tot internet

Die skakel (link) vir aanlyn besprekings sal weekliks op 'n MAANDAG beskikbaar wees op die webwerf en Whatsapp groepe / SMS. Volg instuksies en voltooi die registrasie / bespreking die vir bepaalde erediens

b. Opsie 2 – PERSONE met GEEN toegang tot internet

Skakel die kerkkantoor om namens u 'n bespreking te doen. Dis baie belangrik dat u die volgende persoonlilike inligting van elke individu wat erediens gaan bywoon kan verskaf:

Naam & Van
ID nommer
Selfoon nommerr
Gesondheidsstatus tov COVID.

Kontak ons gerus as julle enige vrae het. Sodra die reëls verander stel ons julle in kennis.

Liefde in Christus
Annelize en Ernst.